# KOERSVAS

Jaargang 12 Uitgawe 238
16 Mei 2025

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto


**In hierdie uitgawe:**


**Redaksioneel:** **Padlangs**

**Berigte:** **Bondsdamesbyeenkoms**

**Bondskwilt**

**Schweizer-Renecke 100**

**Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

### Padlangs

Na die Anglo-Boere oorlog, het die Afrikaner niks gehad nie. Plase en vee is vernietig met die gewetenlose **verskroeide aarde-beleid** van die Engelse invallers (onder leiding van Lord Roberts). Boere het na die oorlog teruggegaan na leë plase (selfs leeg van mense na die verwoestende konsentrasiekampe). Hulle het van voor af begin en weer begin opbou. Met tyd het die boere weer begin vorentoe boer. Toe tref die depressie van die jare dertig van die vorige eeu. Die gevolg was dat baie boere na die stede verhuis het. Myne het arbeiders nodig gehad. Die arme-blanke vraagstuk was 'n uitdaging vir mens en owerheid. Boeretannies het in stedelinge se motorhuise saam met hulle gesinne ingetrek en die strykwerk gedoen vir vreemdelinge net om 'n kossie op die tafel te kan plaas.

Volkskas, SANLAM, SANTAM en ander organisasies is self opgebou om te help met die finansiële opheffing van die Boerevolk. Met harde werk en saamstaan het die Boerevolk nie net oorleef nie, maar selfs begin floreer in die 1960's. Eie werk, eie mense, eie pogings tot opbou van die Afrikaner.

Die laaste van die vorige bedeling se wetgewing wat op ras gebaseer was, is in 1987 van die wetboeke verwyder. Politiek in 'n hatige wêreld het daartoe gelei dat die Afrikaner vrywillig afstand gedoen het van politieke mag. Dit was nie genoeg nie, alle mag (polities en ekonomies) moes oorgegee word. Met trooswoorde van 'wigte en teenwigte' het die owerhede van daardie tyd mense gepaai dat hulle steeds sou kon floreer.

Die werklikheid van die ANC se haat en ideologie het in die tussentyd alle dimensies van die gemeenskap oorgeneem. Stadig maar seker (soos die padda in die kookwater) het die ANC rasgebaseerde wetgewing op die boeke geplaas. Die rasgebaseerde diskriminasie verskyn in verskillende vorms en dit lei tot 'n nimmereindigende skeiding van die rasse, sonder 'n keerdatum of langtermyn oplossings. Daar is verskillende angels in hierdie aanslag; regstellende aksie (*affirmative action*), die kwota sisteem (veral op die sportveld) en voortslepende en groeiende swart ekonomiese bemagtiging (BEE) is die prominente strategieë. Tot op die punt waar daar nou meer, en strenger rasgebaseerde wetgewing is as wat daar in die vorige bedeling was. Die bekende liberale organisasie, die Instituut vir Rasseverhoudinge, het in 2024 aangedui dat daar 141 sodanige

aktiewe rasgebaseerde wette op die boeke was.
Die ekonomiese- en politieke oorlog teen ons mense word gerugsteun deur 'n klandestiene militêre aanslag. Nie net die plaasmoorde is statistiese bewys van poging tot volksmoord nie, die liedere wat gemik is daarop om die boer te dood, is sielkundige intimidasie en subtiele oorlogvoering.
Die resultate is daar vir almal om te sien. Ons mense, jonk en oud, verlaat die land en gaan soek elders 'n heenkome. Die groot nuutste uittog van mense wat voel dat hulle vlugtelingstatus bereik het, is die groep wat op uitnodiging van president Trump na die VSA verhuis. Hulle is die eerste van waarskynlik verskeie groepe wat die uitnodiging gaan opneem. Die staat (ANC) se propaganda masjien het dadelik begin met die paradeer van politici wat hierdie aanslag op ons mense ontken. Juis hulle ontkenning en weiering om te oorweeg dat hierdie mense as vlugtelinge behandel kan word, dui op die onsensitiwiteit van die huidige maghebbers. So al asof die plaaslike regering gaan erken dat hulle wetgewing en optrede die Afrikaner marginaliseer en bedreig ... Dit te midde van die nuutste "*Equity amendment act*" (2025) wat die getal blankes wat mag werk, verder drasties gaan verminder.
Intussen gaan die Afrikaner agteruit op alle vlakke. Die verskynsel van blanke-plakkerskampe was voorheen vreemd. Nou spruit daar oral van hierdie kampe op waar mense 'n spartaanse bestaan voer, ter wille van oorlewing.
Boemelaars en bedelaars was in die vorige era skaars. Ons het onder andere gepraat van *die kraaie van die nasionale paaie*: Mense wat weens trauma of geestelike uitdagings huisloos en gesinloos deur die land swerf. Meestal mans, oud en gehawend. Net hierdie week het ek weer die nuwe Afrikaner-verskynsel gesien. Jongmense, sonder werk, sonder tuiste. Hulle beweeg in 'n groepie op soek na 'n volgende maaltyd. Vir baie van hulle is die enigste loopbaan een van kar-wag wees.
Wat het van ons mense geword? Is hulle so geboelie oor die verlede dat hulle alle trots en hoop verloor het? Soos die boek oor die meisie (*Disgrace*) wat so sleg gevoel het oor die verlede dat sy dit as haar verdiende loon gesien het om verkrag te word. Het die moderne era gesinne so verbrokkel dat hulle geen familie-basis meer het nie? In hierdie rassistiese bedeling – waar gaan hulle werk kry? Stel hulle nog belang daarin om te werk?
Hoe kan die kerk help? Kan die kerk help? Wanneer die behoeftiges in eie geledere versorg is, het die kerk nog iets ekstra om te gee? Glo hierdie swerwende mense met toewyding? Glo hulle enigsins?
Die taak van die kerk word net al hoe groter. Mag God ons en al ons mense die krag en die leiding gee om ook in hierdie nuwe ellende Hom met toewyding te dien.

## BERIGTE


### BONDSDAMESBYEENKOMS

Die Bondsbyeenkoms vind hierdie jaar op 21, 22 & 23 September 2025 te Bloemhof plaas. Daar is 'n bekommernis of genoeg dames die Bondsdamesbyeenkoms wat gewoonlik op die Maandag (22 September) plaasvind, sal kan bywoon. Al is dit vir

baie mense ver, is ds. Piet positief en is hy en sy span op gereedheidsgrondslag om enige fasiliteite wat nodig mag wees- ook verblyf-, beskikbaar te stel. Laat weet Yvette asseblief voor 31 Mei 2025 per epos @ **zyvetto@gmail.com** of u gemeente se dames sal belangstel sodat ons weet om te beplan vir September.

## BONDSKWILT

Die 2025 Bondskwilt is ook gereed. Dit is weer eens ‘n koningingrootte kwilt, elke blok in antieke roomskakerings uitgewerk met gepaardgaande Afrikaanse Bybelverse, voorwaar ‘n erfstuk. Elke gemeente word uitgenooi om deel te wees van die projek deur vyf (of meer per skriftelike versoek) lootjievorms te voltooi (20 lootjies per vorm) om die Teologiese Opleidingsfonds aan te suiwer. Lootjievorms sal binnekort aan u gemeente gestuur word. U word net versoek om u kontakpersoon/ verteenwoordiger se inligting deur te stuur. Geen privaat inbetalings word gemaak nie, alle inbetalings word deur die aangewese gemeente-/ damesverteenwoordiger/ tesourier hanteer. Gelde word dan in Augustusmaand inbetaal sodat die kwilt tydens die Bondsbyeenkoms van September 2025 getrek kan word. Dit gee elke gemeente drie maande om lootjies te verkoop. Ondersteun asseblief hierdie projek.




**Schweizer-Reneke 100**
Schweizer-Reneke 1925-2025.
Gemeente Schweizer-Reneke het die voorreg om vanjaar hul eeufees te kan vier. Die gemeente is op 15 Mei 1925 gestig. Die gemeente beplan ’n feesnaweek gedurende 15-18 Mei 2025.
Hiermee rig ons ’n uitnodiging aan alle lidmate wat bande het met die gemeente Schweizer-Reneke, asook belangstellendes om die geleentheid te kom bywoon. Aan God die eer.

# KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

### ONSKAS

Ons volks-eie koöperatiewe finansiële instelling het sy naam verander van Oranjekas na OnsKas. Gemeentes en lidmate word aangemoedig om OnsKas te kontak vir goeie diens deur ons mense in ons taal.


Mossiemoedig,
nooit
Mismoedig.
1c


Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.


Met Sy vlerke sal Hy jou bedek, onder Sy vlerke sal jy skuiling vind.
Loop in die skoene van Geloof
Jy sal blom as jy die tyd neem om jouself water te gee!
Jesus
Josua 24
16 Desember
Ek en my huis sal hierdie dag as n Sabbatdag herdenk


ONSKAS
JOU GROEI. ONS BELOFTE
ONSKAS IS 'N SPAAR EN KREDIET-KOÖPERASIE WAT VERSKEIE DIENSTE AAN SY LEDE BIED.
BELEGGINGSAANDELE NOU BESKIKBAAR.
DIENSTE
Privaat bankdienste in Afrikaans.
Markverwante rentekoers op vaste deposito's 6-60 maande.
Finansiering in Landbou
Persoonlike, Besigheids- en korttermyn lenings.
Motorfinansiering & Solarfinansiering
Sluit aan by OnsKas – waar jou toekoms ons prioriteit is!
Kontak: 012 754 5454 | kontak@oranjekas.co.za
www.oranjekas.co.za


Hervormde Kerk Schweizer-Reneke
nooi u hartlik uit na ons Eeufeesviering
Eeufeesprogram 15 - 18 Mei 2025
15 Mei - Donderdag om 18:00
Stigtingdag van gemeente
* Oordenking
* Blyke van waardering vir Oud-lidmate
* Geskiedenisvertelling van Schweizer-Reneke gemeente
* Bekendstelling van Eeufeesbundel
* Inwyding van gemeente-argief
* Onthulling van gedenkstene
* Ete
16 Mei - Vrydag om 18:00
* Skriflesing en gebed
* Gemeente- & gemeenskapskonsert
* Sop en Brood
17 Mei - Saterdag om 18:00
* Gedenkdiens en Belydenis van Geloof
* Groeteboodskappe
* Vingerete
18 Mei - Sondag om 10:00
* Nagmaal
* Danksegging
* Gemeente-ete
PIC•COLLAGE


Jou volk, jou versekeringsmakelaar!
By Kasfin is ons toegewyd daaraan om ons kliënte deur die kompleksiteit van die versekeringswêreld te lei, deur kundige advies en persoonlike diens aan te bied.
PRODUKTE
Geboue
Huisinhoud
Kommersiële Versekering
Privaat-en Kommersiële Voertuie
Lewensversekering en Testamente
Kontak ons vandag!
012 754 5454 | jp@kasfin.co.za
KASFIN